

Maandelikse gemeentebrief Februarie 2017

Daar is net elf maande van die jaar oor!

Ek hoop jy het 'n heerlike Kerstyd en Nuwejaar saam met jou hartsmense beleef. Dat jy weer jou ritme gevind het hier in die nuwe jaar, terug by die werk, by die skool en in jou eie huis.

Ja, 2017 het weggespring teen 'n reusespoed! Daarom het ons besluit om die eerste Sondag van elke maand met julle te deel wat op ons harte is, wat in die gemeente gebeur of gebeur het en sommer net 'n bietjie inspirasie vir die maand te gee. Die maandelikse brief sal saam met die afkondigings uitgedeel word en ook op die webwerf beskikbaar wees. Die gemeente se ratte gaan staan nooit stil nie en in Januarie het ons al babas gedoop en gesinsdiens gehou, die bybelstudies het begin, die kerkraad het vergadering gehou en die kategese is druk besig. So besig dat die graad 11's en 12's van 2017 reeds die eerste naweek van Februarie kamp. Dit is 'n mondvul. Ons is so dankbaar dat jy deel is van hierdie ratwerk; elkeen is nodig om hierdie groot gemeentemasjien te laat funksioneer. Hou asb. ook aan om te bid vir die gemeentede, werksaamhede en denkprosesse in die gemeente.

Die program is vol en ek wil jou graag uitnooi om betrokke te raak as jy nie reeds is nie. Kom vier saam met die nuwe volwasse lidmate hulle belydenisaflegging op Sondag 19 Februarie om 17:30 in die kerk en kom kuier saam by die Gemeentefees op 10 Maart. Dan is daar die Paassangdiens, Imagine, Mosambiekuitreik, Lydenstyd, Aswoensdag, die Heilige week, Wêreldbiddag vir vroue en vir mans, nagmaal, Paasnaweek. Of kom kuier net lekker saam in die koffiewinkel op 'n Sondag.

Aan ons nuwe lidmate: lewers gaan jy 'n plekkie kry, jy gaan iemand ontmoet en beslis diep vriende maak. Ons wil gasvry teenoor jou wees, daar is geleenthede vir oud en jonk, almal is welkom; net soos jy is. Ons wil jou leer ken en vir jou goed wees.

Ons is geroep om 'n verskil te maak. Ons wil *Lewe in die Stad*, maar ook **vir** die Stad. Daar waar ons woon, werk, ontspan en ook daar waar ons nie wil wees nie. Mag dit nie net hierdie kwartaal nie, maar die hele jaar ons getuienis wees.

Ek bid dat jy persoonlik nader aan God sal groei, dat jy moeite sal maak met jouself. Dat jy tevrede sal voel en genoeg sal beleef. Ek besef beter as wat jy ooit sal dink, hoe besig gesinne is. Met twee kleuters en 'n ma en pa wat voltyds werk, sukkel dit ook maar soms in die Wessels-huishouding om al die balle in die lug te hou. Tog is die grootste genade steeds om my verstaan en my liefde vir God met ander te deel. En die grootste wonderwerk vir my persoonlik, is God se genade. God se genade is genoeg, elke dag vir almal. Ek bid dat jy genade sal beleef en leef.

“God se genade is baie groter as enige fout wat jy ooit gemaak het.”

Genade en vrede vir jou
Hettie Wessels